20 Februarie 2022

PRAKTIESE WYSHEID

VIR KLEINGROEPE

1 Korintiërs 15:35-38 en 42-50

ons **storie**
ys**breker**

Skiet 'popcorn' wanneer almal daar is en eet dit terwyl julle gesels.
Maak vooraf babafoto's van elke groeplid bymekaar en print dit uit of maak 'n Powerpoint.
Laat die groep raai wie die babas op die foto's is.
In watter fase van jou lewe tot dusver het jy die meeste verander? In watter opsig het jy verander?

word **stil**

Memoriseer Ps 37:4 en 5.
"Vind jou vreugde in die Here, en Hy sal jou gee wat jou hart begeer. 5 Laat jou lewe aan die Here oor en vertrou op Hom; Hy sal sorg."

GOD se **storie**
wat sê **die Bybel**

Lees saam
1 Korintiërs 15:35-38 en 42-50

As daar tyd is,
lees dit uit verskillende vertalings.

GOD se **storie**
gesels hieroor na

- Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het. Of enige vrae wat jy nou het. Raadpleeg NOUS se *Die Storie Agter Die Groot Storie* vir meer agtergrond info oor die gedeelte.
- Terwyl julle 'popcorn' skiet – hou dop hoe die pit verander in 'n springmielie. Paulus sê dieselfde gebeur met ons na die dood. Dis nog steeds jy, maar 'n beter jy. Dink aan die mense op die foto's en hoe hulle verander het, terwyl dit tog nog steeds dieselfde mense was. Hoe help dit julle om die gedeelte beter te verstaan?
- Wat dink julle gebeur met iemand na die dood? Hoe gaan iemand lyk wat 'uit die dood opstaan'? Die Korintiërs het 'n baie praktiese probleem gehad (vers 35), hulle het geweet wat met jou liggaam gebeur na die dood! Ek vermoed hulle het iets gesien wat lyk soos 'n toneel uit 'The Walking Dead'.
- Wie was die eerste Adam en Wie is die tweede Adam? Wat is die ooreenkoms en wat is die verskil tussen die twee?
- Iemand het gesê: "We are not in the land of the living going to the land of the dying. We are in the land of the dying trying to get to the land of the living". Hoekom stem julle (nie) hiermee saam (nie)?
- Hoe troos die hoop van die opstanding jou? Waarna sien jy uit? Waaroor wonder jy nog?
- Hulle sê die ou eerste minister van Brittanje, Winston Churchill, het sy eie begrafnis beplan. Sy begrafnisdiens was in die St. Paul's Cathedral, in Londen. Nadat die prediker die seën uitgespreek het, het 'n trompetspeler uit een van die torings van die katedraal die "Taps" begin speel, die universele sein dat die dag verby was. Maar net toe hy klaar is, het 'n ander trompetspeler, uit een van die ander torings van die katedraal die "Reveille" begin speel, die universele teken dat 'n nuwe dag begin. Dit was Churchill se manier om te sê dat al voel dit soos 'Goeienag' wanneer ons sterf, dit eintlik "Goeiemôre!" is.

ons **nuwe storie`**

Hoe ons nuut dink, doen en leef in die wêreld rondom ons. Verder en Voor:
Viktor Frankl, die bekende psigiater, was self 'n gevangene in een van die Joodse konsentrasie kampe. Hy skryf oor 'n sekere tipe mens wat in die kamp was: Hierdie tipe mens sou altyd die hutte besoek om ander te troos; hulle sou hul laaste stukkie brood vir ander gee wat dit dalk nodiger het. Hy sê daar was nie baie van hierdie tipe mense nie, maar die bestaan van hierdie tipe mens is 'n onteenseglike bewys dat jy alles van 'n mens kan wegneem, behalwe sy houding teenoor sy omstandighede.
Christene behoort die tipe mens te wees waarvan Frankl vertel!
Die opstanding maak van jou só 'n soort van 'n mens.
Ken julle sulke mense? Is jy so 'n mens?

na die **erediens**

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is:

- Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.
- Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

bid vir mekaar

Hoe kan ons vir mekaar hierdie week bid?
Het enige iemand spesifieke gebedsbehoeftes? Teken dit aan.
Watter gebede wat julle hier genoem het, is reeds verhoor?